

My enigste troos 12-6

God sal ek loof my le - we lank! Ja, op my sterf - bed sal ek dank,

want Hy ver - se - ker in sy Woord dat ek nie aan my - self be - hoort.

2

Dis Jesus Christus, so getrou,
wat my in sy beskerming hou.
Van Satan en sy heerskappy
het Hy my met sy bloed bevry.

3

My sondeskuld het Hy betaal,
my skuldbrief is nou deurgehaal.
Ek hoort aan Hom wat my bewaar
Hy waak oor my, tel elke haar.

4

Geborge, veilig, weet ek stil:
Hy lei my waar die Vader wil.
Ook lyding, nood, gevaar en stryd
dien alles tot my saligheid.

5

Hy maak my seker deur sy Gees:
Ek sal vir ewig by Hom wees.
Ek wil vir Christus leef en werk,
my hart bereid, gewillig, sterk.